NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2023

Punte moet toegeken word in lyn met:
- die spesifieke inhoud van die punteskema of die generiese vlakbeskrywings wat van toepassing is op die vraag
- die spesifieke vaardighede wat in die punteskema of generiese vlakbeskrywings van die vraag gedefinieer is
- die standaard van die antwoord wat verwag word van 'n kandidaat soos wat die voorbeelde van die gestandaardiseerde vraestelle voorstel

Bepunting moet **POSITIEF** gedoen word
- Punte word toegeken vir korrekte/geldige antwoorde
- Krediet word toegestaan vir antwoorde wat geldig is en wat wyer strek as die raamwerk van die sillabus (verwys eersgenoemde na die Senior Sub-eksaminator of Eksaminator soos nodig).
- Punte word toegeken wanneer die kandidate duidelik bewys toon van hulle kennis en waartoe hulle in staat is.
- Punte word nie afgetrek vir foute nie.
- Punte word nie afgetrek vir weglatings nie.
- Die spelling, interpunksie en grammatika word alleenlik in die antwoorde gemerk wanneer dit spesifiek geassesseer word volgens die punteskema. Die betekenis moet nog steeds ondubbelsinnig wees.

Reëls moet konsekwent toegepas word, bv. gevalle waar kandidate nie instruksies gevolg het nie of in die toepassing van die generiese vlakbeskrywers.

Die volle spektrum van punte, soos gedefinieer in die Nasienriglyne vir die vraag, moet gebruik word (alhoewel die volle spektrum van punte beperk mag word deur die kwaliteit van die antwoorde van die kandidate).

Punte word alleenlik toegeken soos wat dit uiteengesit word in die Nasienriglyne.
Punte mag nie toegeken word met inagneming van die drempels vir die graad of graadbeskrywers nie.

Wanneer 'n hoër orde vraag gemerk word, moet die koderingstelsel vir opstelle asseblief gebruik word. Sodoende is die modereringsproses meer konsekwent, regverdig en makliker.

Kodes wat gebruik word wanneer opstelle in Aardrykskunde gemerk word
U – Uitstekend
G – Goed
A – Aanvaarbaar
V – Vaag
H – Herhalend
O – Nie van toepassing/ nie relevant

IEB Copyright © 2023

AFDELING A: Geïntegreerde VRAAG: GEOGRAFIE VAN DIE NOORD-KAAP				
VRAAG 1	**FISIESE GEOGRAFIE**			
1.1	**Klimaat Waar en Vals**			
	Sê of die volgende stellings WAAR of VALS is. Skryf slegs die nommer van die vraag en Waar of Vals, bv. 1.1.6 Vals.			
1.1.1	Die bodem van die vallei is die warmste vroeg in die oggend.		Vals	
1.1.2	Stedelike gebiede is warmer as landelike gebiede as gevolg van die boumateriale.		Waar	
1.1.3	Bergwinde is die gevolg van adiabatiese verhitting.		Waar	
1.1.4	Ryp vorm in die winter as gevolg van die hoogdruk oor die binneland.		Waar	
1.1.5	Die Kaapse Dokter is die resultaat van die rug wat deur die Suid-Indiese hoogdruksel gevorm word.		Vals	

1.2	**Subtropiese Antisiklone en Gepaardgaande Weerstoestande**			
Bestudeer Figuur 1, 'n weerwaarskuwing wat deur die Suid Afrikaanse Weerdiens uitgereik is.				
1.2.1	Kies die term uit dié wat in vetdruk tussen hakies is om die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die nommer van die vraag en die woord wat gekies word neer, bv., (e) vries.			
(a)	Die Noord-Kaap kry (**somer/ winter**) reënval.		somer	
(b)	Die Noord-Kaap is (**wes / oos** / **suid**) van die 500 mm-isohieet.		wes	
(c)	Die (**binnelandse antisikloon / laagdruktrog / tropiese laagdruk**) is die oorsaak van die donderstorm in Figuur 1.		laagdruktrog	
(d)	Donderstorms vorm oor die Noord-Kaap as gevolg van (**frontale / orografiese / konveksie**) reënval.		konveksie	

IEB Copyright © 2023

1.2.2	Beskryf hoe lyndonderstorms oor Suid-Afrika vorm.		Lug beweeg vanuit beide HD. Droë lug vanuit die weste SAA en warm vogtige lug vanuit die ooste SIA. Die laagdruk trôe trek die lug na mekaar toe en vorm sodoende 'n vogfront. Lug styg ten ooste van die VF en vorm sodoende lyndonderstorms.	HIERDIE IS 'N KONSEPVRAAG Kandidate moet bewys dat hulle lyndonderstorms verstaan. Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 punt –** Die antwoord is hoofsaaklik beskrywend en daar is geringe assessering van hoe donderstorms vorm. Kennis is basies en die verstaan van die konsep is dalk nie heeltemal korrek nie. • **2 punte –** Die antwoord bevat 'n mate van assessering met oppervlakkige details oor die vorming van donderstorms. Die antwoord is grotendeels gebaseer op korrekte kennis en begrip. • **3 tot 4 punte** – Die antwoord verduidelik deeglik hoe donderstorms gevorm word. Kennis van die onderwerp is gedetailleerd en die konsep is baie goed verstaan.
1.2.3	Verduidelik waarom donderstorms vir die binneland van Suid-Afrika belangrik is.		Meeste van die water wat benodig word in die binneland word deur hierdie donderstorms gebring. Die water word benodig vir drinkwater en vir landboudoeleindes. Die water word in damme geberg.	HIERDIE IS 'N KONSEPVRAAG Kandidate moet bewys dat hulle die belangrikheid van donderstorms verstaan. Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 punt –** Die antwoord verduidelik wel maar met oppervlakkige detail oor die belangrikheid van donderstorms. Kennis is basies en die verstaan van die konsep is dalk nie heeltemal korrek nie. • **2 punte** – Die verduideliking oor die belangrikheid van donderstorms is deeglik. Dit is duidelik dat die konsep baie goed verstaan word en deeglike kennis van donderstorms is duidelik.

IEB Copyright © 2023

1.3	**Subtropiese Antisiklone en Gepaardgaande Weerstoestande**			
Bestudeer Figuur 2, 'n twiet oor 'n afsny-laagdrukstelsel wat die Noord-Kaap en die res van die land beïnvloed het, sowel as Figuur 3, 'n sinoptiese kaart van dieselfde tyd.				
1.3.1	Gee die byskrifte vir die volgende op Figuur 3.			
(a)	Benoem die antisiklone **A** en **B**.		A – Suid-Atlantiese B – Suid-Indiese	
(b)	Benoem die weerverskynsel by **C**.		C – Koue front, MLC	
1.3.2	Kies die definisie van 'n afsny-laagdrukstelsel (skryf slegs die letter neer).		A 'n Laagdrukstelsel wat verplaas is vanaf die westelike windgordel en wat onafhanklik beweeg..	
1.3.3	Omskryf TWEE gevolge van afsny-laagdrukstelsels		• Dit bring swaar reën of sneeu • Hewige donderstorms • Sterk winde.	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt per konsep – kan wel net 'n lys wees.
1.3.4	Bespreek die rolle wat antisiklone in die vorming van 'n afsny-laagdrukstelsel speel.		• Die SAHD vorm 'n rug in die rigting van die RSA en die SIHD beweeg nader na die kus. • LD kan nie saam met die westelike windgordel beweeg nie. • LD is eers staties en begin dan van wes na oos beweeg.	HIERDIE IS 'N KONSEPVRAAG Kandidate moet bewys dat hulle verstaan hoe 'n afsny-laagdrukstelsel vorm. Hulle MOET verwys na die verband met antisiklone. • Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 punt –** Die antwoord is meestal beskrywend van aard met min assessering van hoe afsny-laagdrukstelsels gevorm word. Kennis is basies en die verstaan van die konsep is dalk nie heeltemal korrek nie. • **2 punte –** Die antwoord assesseer tot 'n mate maar die details oor die vorming van afsny-laagdrukstelsels is meestal oppervlakkig. Die antwoord is grootliks op goeie kennis en begrip gebaseer. • **3 tot 4 punte** – Die antwoord verduidelik deeglik hoe afsny-laagdrukstelsels gevorm word. Kennis van die onderwerp is gedetailleerd en die konsep is baie goed verstaan.

IEB Copyright © 2023

1.4	**Dreineerstelsels in Suid-Afrika**			
Bestudeer Figuur 4, 'n kaart van die dreineerbekken van die Oranjerivier.				
1.4.1	Pas die letters **D**, **E** en **F** in Figuur 4 by die volgende kenmerke. Skryf slegs die nommer van die vraag en die letter van jou keuse neer, bv., (d) C.			
(a)	Waterskeiding		D	
(b)	Samevloeiingspunt		E	
(c)	Sytak		F	
1.4.2	Verduidelik waarom die Oranjerivier as 'n eksotiese rivier gesien word.		Dit is 'n rivier wat sy oorsprong in 'n gebied met 'n hoë reënval het waar die grondwater in die rivier insyfer om basisvloei te gee. Daarna vloei dit deur 'n droë gebied waar geen basisvloei in die rivier insyfer nie maar daar is wel water in die stroomkanaal.	HIERDIE IS 'N KONSEPVRAAG Kandidate moet bewys dat hulle verstaan wat 'n eksotiese rivier is. Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 punt –** Die antwoord wys dat daar net 'n oppervlakkige begrip van 'n eksotiese rivier is. Kennis is basies en die verstaan van die konsep is dalk nie heeltemal korrek nie. • **2 punte –** Die antwoord bewys duidelik dat die konsep van 'n eksotiese rivier verstaan word. Kennis van die onderwerp is gedetailleerd en die konsep is baie goed verstaan.
1.4.3	Noem TWEE buurlande wat binne die dreineerbekken van die Oranjerivier val.		• Lesotho • Botswana • Namibië	**ENIGE TWEE**
1.4.4	Analiseer die rol wat damme soos die Vaaldam en die Gariepdam in die bestuur van 'n dreineerbekken speel.		• Watervoorsiening – drinkwater • Besproeiing • Vloedbeheer • Beheer van opdrifsels • Navigasie	Konsepte moet goed verduidelik word; hier gaan dit oor die bestuur van water. • Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 punt –** Die antwoord is grotendeels beskrywend met min analisering oor die rol van damme. Kennis is basies en die verstaan van die konsep mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie.

IEB Copyright © 2023

				• **2 punte –** Antwoord analiseer wel die rol van damme maar dit is oppervlakkig. Die antwoord is grotendeels gebaseer op korrekte kennis en begrip. • **3 tot 4 punte** – Die antwoord analiseer die rol van damme deeglik. Kennis van die onderwerp is gedetailleerd en die konsep is baie goed verstaan.
1.5	**Bestuur van die Rivier en Opvanggebied**			
Bestudeer Foto 1 van 'n mensgemaakte kanaal langs die Oranjerivier in die Noord-Kaap.				
1.5.1	Wat is die doel van die kanaal wat op Foto 1 gesien kan word?		Die kanale vervoer die water wat benodig word vir besproeiing en ander menslike gebruike.	• Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe.
1.5.2	Analiseer EEN gevolg wat kanale langs die Oranjerivier op die afloop van die rivier kan hê.		• Die afloop van die rivier verminder omrede water uit die rivier onttrek word. • Veroorsaak 'n afname in die spoed van die afloop. • Die vloedpiek kan laer wees ten tye van oorstromings • Verhoging in die vertragingstyd	• Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe.
1.5.3	Bespreek die voordele wat kanale vir die landbousektor inhou.		• Uitvalgrond / ongebruikte grond kan ontwikkel word omdat besproeiing vanuit die kanaal moontlik is. Dit lei tot die verhoging in die biomassa in die gebied. • Omdat ernstige droogtes vermy kan word omdat daar kanale is, kan ekonomiese ontwikkeling bespoedig word. Die afhanklikheid van die reënval word minder as gevolg van die kanale. • Reënwater wat afloop na die riviere eindig op in die kanale. Hierdie water word vir besproeiing gebruik. Produksie van gewasse wat meer water benodig,	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe bespreking. • **1 punt per voordeel** – die antwoord is 'n oppervlakkige **bespreking** en wys net algemene kennis en begrip. • **2 punte per voordeel** – vir 'n **bespreking** wat uitgebreid is en wat die onderwerp deeglik dek. • Maks 2 punte indien net EEN voordeel gedek word.

IEB Copyright © 2023

			is moontlik as gevolg van die teenwoordigheid van kanale. Die opbrengs per hektaar is beter as die opbrengs van grond wat nie besproei word nie. Besproeiing is moontlik as gevolg van water in die kanale. • Kanaalstelsels is permanente strukture en slegs onderhoud word benodig terwyl die voordele daaruit vir lank getrek kan word. • Kanale word vir besproeiing gebruik maar bo en behalwe dit word dit ook gebruik vir die opwekking van hidro-elektrisiteit, navigasie, voorsiening van drinkwater en ontwikkeling van visserye. • Die vlak van die ondergrondse water daal nie as gevolg van die besproeiing uit die kanaal nie. • Kanale is deesdae 'n besienswaardigheid vir toeriste.	

IEB Copyright © 2023

1.6	**Fluviale Prosesse**			
Bestudeer Foto 2 van die Augrabieswaterval wes van Upington, sowel as die kaart van die Oranjerivierbekken in Figuur 4 op bladsy 5.				
1.6.1	Kies die woord in vetdruk uit dié tussen hakies om die stelling korrek te maak. Skryf slegs die nommer van die vraag en die woord wat gekies word neer, bv., (d) rots.			
(a)	'n Waterval is 'n (**tydelike / permanente / knak)** basisvlak van erosie.		tydelike	
(b)	'n Waterval veroorsaak **(terugsnydende erosie / laterale erosie / afsetting)** langs die rivierkanaal.		terugsnydende	
(c)	'n Waterval is 'n voorbeeld van (**verjonging / gradering / 'n profiel**).		verjonging	
1.6.2	Verduidelik hoe 'n waterval in 'n rivierstelsel vorm.		• Watervalle vorm baie keer wanneer strome van 'n gebied met harde rotslae na 'n gebied met sagte rotslae vloei. • Bostaande gebeur op beide 'n laterale (soos 'n stroom oor die oppervlakte vloei) sowel as op 'n vertikale vlak (wanneer die stroom in 'n waterval vloei). • In beide gevalle erodeer die sagte rots en 'n harde rotslys bly agter en die water stort na benede soos dit oor die rotslys val.	HIERDIE IS 'N KONSEPVRAAG Kandidate moet bewys dat hulle verstaan hoe 'n waterval gevorm word. Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 punt –** Antwoord wys 'n oppervlakkige begrip van hoe 'n waterval vorm. Kennis is basies en die begrip is dalk nie heeltemal korrek nie. • **2 punte –** Antwoord gee wel verduideliking maar die details oor die vorming van 'n waterval is oppervlakkig. Antwoord is grootliks op goeie kennis en begrip gebaseer. • **3 – 4 punte –** Die verduideliking oor die vorming van 'n waterval is baie deeglik. Kennis van die onderwerp is gedetailleerd en die konsep is baie goed verstaan.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 2 MENSLIKE GEOGRAFIE				
2.1 **Studie van Nedersettings**				
Bestudeer Figuur 5, 'n kaart van die Hotazel omgewing in die Noord-Kaap.				
2.1.1	Noem TWEE straatpatrone in die dorp Hotazel wat op die kaart gesien kan.		Ruit- / Roosterpatroon Beplande onreëlmatig Straal	
2.1.2	Pas 'n woord uit Kolom B by die stelling in Kolom A. Skryf slegs die nommer van die vraag en die woord van jou keuse neer, bv. (d) metro.			
(a)	Belangrikste ekonomiese aktiwiteit in die streek		Mynbou	
(b)	Klassifikasie van nedersetting		Dorp	
(c)	Tipe stedelike nedersetting		Myndorp	

IEB Copyright © 2023

2.2	**Struktuur van die Ekonomie**			
Bestudeer Figuur 5 op bladsy 8 en gebruik jou kennis van Suid-Afrika. Kies die korrekte antwoord in elk van die onderstaande. Skryf die nommer van die vraag en die letter wat ooreenstem met jou antwoord neer, bv., 2.2.0 A.				
2.2.1	Mynboumetode wat na aan die oppervlak is, soos naby Hotazel, staan bekend as … mynbou A diepvlak- B bestaans- C oopgroef- D zama zama		C oopgroef-	
2.2.2	Mynbou is in die … ekonomiese sektor A primêre B sekondêre C tersiêre D kwaternêre		A primêre	
2.2.3	… verwys na die verskil in waarde tussen invoere en uitvoere. A Handelsooreenkoms B Handelsbalans C Plaaslike handel D Internasionale handel		B Handelsbalans	
2.2.4	'n Nedersetting waar die manier waarop vrag vervoer word, verander staan bekend as 'n … A vragverbrekingspunt. B hawe. C sentrale plek. D aansluitingspunt.		A vragverbrekingspunt	

IEB Copyright © 2023

2.3 **Mynbou**				
Bestudeer Figuur 6, 'n infografiek oor mangaan in die Noord-Kaap.				
2.3.1	Noem die belangrikste hawe waarvandaan mangaan uitgevoer word.		Gqeberha, Coega	
2.3.2	Noem TWEE gebruike van mangaan.		• deursigtige glas • om die swael en suurstof uit staal te haal gedurende die vervaardiging van staal • vermindering van oktaan in petrol • swart-bruin pigment in verf • word as beskermlaag in droëselbatterye gebruik • allooie om die aluminium in kannetjies stywer te maak • 'n katalisator • byvoeging in die vervaardiging van rubber • om die groen kleur wat veroorsaak word deur ysterdeeltjies in glas, uit te haal • die slaan van munte • kleur van keramiek	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt per konsep – kan 'n lys wees.
2.3.3	Noem EEN voorwaartse skakeling en EEN terugwaartse skakeling in die ontginning van mangaan		**Voorwaartse skakeling** • Vervaardiging van staal • Vervaardiging van glas • Vervaardiging van aluminium **Terugwaartse skakeling** • Mynboutoerusting	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt per konsep – kan 'n lys wees.
2.3.4	Hoe verhoog die ligging van die mangaanmyne in die Noord-Kaap die koste van uitvoere?		Die Noord-Kaap is geïsoleerd en yl met min kerngebiede. Die infrastruktuur is spesifiek gebou om die hulpbron te akkommodeer en dit dra by tot die produksiekoste.	Kandidate moet bewys dat hulle die impak wat ligging op ekonomiese ontwikkeling het, verstaan. Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 punt –** Antwoord wys 'n oppervlakkige begrip van hoe die ligging mynbou in die Noord-Kaap beïnvloed. Kennis is basies en die begrip is dalk nie heeltemal korrek nie.


IEB Copyright © 2023

				• **2 punte –** Die antwoord bewys duidelik hoe ligging mynbou in die Noord-Kaap affekteer. Kennis van die onderwerp is gedetailleerd en die konsep is baie goed verstaan.
2.3.5	Bespreek die belangrikheid van die ontginning van mangaan vir die ekonomie van die Noord-Kaap.		• Min kern-stedelike gebiede • Mense het werk nodig • Bou van infrastruktuur • Dra by tot ontwikkeling van vaardighede	HIERDIE IS 'N KONSEPVRAAG Kandidate moet bewys dat hulle die belangrikheid van mynbou in die ekonomie van die NK verstaan. Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 punt –** Antwoord wys 'n oppervlakkige begrip van die belangrikheid van mynbou in die ekonomie van die NK. Kennis is basies en die begrip is dalk nie heeltemal korrek nie. • **2 punte –** Antwoord gee wel bespreking met sommige details om te bewys dat mynbou wel 'n belangrike rol speel in die ekonomie van die NK. Antwoord is grootliks op goeie kennis en begrip gebaseer. • **3–4 punte –** Die antwoord bespreek die belangrikheid van mynbou in die ekonomie van die NK deeglik. Kennis van die onderwerp is gedetailleerd en die konsep is baie goed verstaan.
2.3.6	Bespreek TWEE faktore wat mynbou in die Noord-Kaap belemmer.		• Gebrek aan water • Daar is nie 'n groot arbeidsmag nie • Droë streek • Arbeidsmag het min vaardighede • Min aantrekkingskrag vir werk en om families te lok	Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 punt per faktor**– as die antwoord 'n oppervlakkige **bespreking** met slegs algemene kennis en begrip is. • **2 punte per faktor** – vir 'n **bespreking** wat goed gedoen is en wat die inhoud deeglik dek. Maks **2 punte** indien EEN faktor aangespreek is

IEB Copyright © 2023

2.3.7	Voorspel hoe KMMO's gebruik kan word om kwessies van sosiale regverdigheid aan te spreek.		• Ontwikkel ondernemingsgees • Help om toegang te kry tot die mark • Skep meer werksgeleenthede • Verskaf werk aan die plaaslike mense • Betaal belasting en dra sodoende by tot die plaaslike regering • Toeganklik vir ander genders • Toeganklik vir enige persoon wat in die verlede te na gekom is.	HIERDIE IS 'N KONSEPVRAAG Kandidate moet bewys dat hulle die rol van KMMO's in die aanspreek van sosiale regverdigheid in Suid-Afrika verstaan. Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1–2 punte –** Die antwoord is grotendeels beskrywend van aard met min assessering van die rol van KMMO's in sosiale regverdigheid. Kennis is basies en die begrip is dalk nie heeltemal korrek nie. • *Sou daar net 'n lys wees met geen verdere details (MAKS 2 punte)* • **3–4 punte –** In die antwoord is daar wel assessering met sommige details rakende die rol van KMMO's in sosiale regverdigheid. Antwoord is grootliks op korrekte kennis en begrip gebaseer. Voorbeelde mag detail kort. • **5 tot 6 punte** – Die antwoord verduidelik die rolle van die KMMO's in sosiale regverdigheid baie duidelik. Kennis van die onderwerp is konseptueel korrek. Enige voorbeelde wat gebruik word, is toepaslik en goed in die antwoord geïntegreer.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 3	**UITGEBREIDE SKRYFWERK**	
Moet asseblief NIE REGMERKIES MAAK wanneer 'n opstel gemerk word nie – dit verwar die optellers. In die plek daarvan, onderstreep relevante en toepaslike punte deur gebruik te maak van die stelsel van kodes.		
Bestudeer Foto 3 van die dorpie Bitterfontein, 'n aansluitingsdorp tussen Springbok en Kaapstad langs die N7. Dit is 'n tipiese dorp wat probleme het as gevolg van landelike ontvolking. Bestudeer Figure 7 en 8.		
Gebruik Foto 3, Figuur 7 en Figuur 8 op bladsy 11 en enige ander bronne in Vraag 1 en 2. Skryf 'n verslag vir die provinsiale regering van die Noord-Kaap om die impak van landelike–stedelike-migrasie op die provinsie te bespreek. Gebruik enige addisionele inligting om jou te help in die bespreking van die volgende onderopskrifte:		
• Omskryf die faktore wat aanleiding gee tot landelike–stedelike-migrasie	'n Beskrywing van enige stoot- of trekfaktor. **Stootfaktore:** • Gebrek aan dienste • Lae vlak van indiensneming • Gebrek aan veiligheid • Hoë misdaadsyfer • Misoeste • Droogte • Oorstromings • Armoede • Oorlog **Trekfaktore** • Beter dienslewering • Hoër indiensnemingsyfer • Veilige gemeenskap • Minder misdaad	• Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. Wees bedag op herhaling in paragrawe. 'n Feit kan slegs een keer bepunt word.

IEB Copyright © 2023

	• Vrugbare grond • Kleiner risiko vir natuurlike rampe • Goeie klimaat • Meer rykdom • Politieke stabiliteit	
• Assesseer die negatiewe ekonomiese impak van die landelike–stedelike-migrasie op die landelike gebiede.	• Besighede sluit • Dienste word nie ten volle gebruik nie • Infrastruktuur gaan ten gronde • Veroudering van die bevolking • Geen natuurlike toename in die bevolking • Hoër werkloosheid	• Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. Wees bedag op herhaling in paragrawe. 'n Feit kan slegs een keer bepunt word.
• Voorspel die probleme wat die landelike migrante in die stedelike gebiede ondervind en die impak daarvan op hulle lewenskwaliteit.	• Geen werk nie • Geen inkomste nie • Swak behuising • Geen toegang tot die dienste wat hulle benodig nie • Nie genoeg lewensruimte nie • Misdaad - slagoffers • Infrastruktuur is nie voldoende vir die mense nie	• Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. Wees bedag op herhaling in paragrawe. 'n Feit kan slegs een keer bepunt word


IEB Copyright © 2023

KRITERIA	Vlak 3 Uitstaande – Goed	Vlak 2 Bevredigend	Vlak 1 Swak
Skryfvaardighede • Neem struktuur en voorstelling in aanmerking. • Gebruik kort inleiding en slot. • Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte. **[4 punte word aan hierdie komponent toegeken]**	Gepaste inleiding en slot. Gesofistikeerde, samehangende en gestruktureerde skryfwerk. Onderopskrifte en paragrawe is effektief gebruik. Opstel is kort, goed-gestruktureerd en kernagtig. . **4 punte**	Inleiding en slot teenwoordig, alhoewel nie ideaal nie. Pogings om te hou by die onderopskrifte en paragrawe te gebruik. Verslag dwaal by tye van die punt af en skiet tekort aan bondigheid. **3 punte**	Skryfwerk is swak en amper onverstaanbaar. Geen inleiding of slot word voorsien nie. Geen gebruik / navolging van onderopskrifte nie. Lang sinne, swak grammatika en oneffektiewe gebruik van paragrawe. Verslag is herhalend. Kolpunte is dalk gebruik. 1 punt = moet *toegeken word vir enige poging om iets te skryf/ probeerslag* **2–0 punte**
Inhoudskennis • Korrekte gebruik van geografiese terme en begrippe • Hou by onderwerp en onderopskrifte. **[12 punte word hiervoor toegelaat]**	Die antwoord assesseer die toepaslike inhoudskennis goed en die bespreking van die onderwerp is in diepte gedoen. Die evaluasie is effektief en was volhou. Daar is 'n goeie slotsom. Die antwoord lewer bewys van kennis van voorbeelde en 'n sterk begrip van die konsepte van die onderwerp. Voorbeelde wat gebruik is is toepaslik en geïntegreer met die antwoord. Goeie gebruik van geografiese terme en begrippe. Enige aantal toepaslike feite word per onderopskrif gegee. 10 punte sal vir die kandidaat toegeken word indien daar <u>minimum</u> van 2 punte per onderopskrif genoem is. Indien verder uitgebrei word sal 'n addisionele 2 punte toegeken word. **12–9 punte**	Antwoord lewer wel bewys dat kandidaat kennis het van die onderwerp en dit verstaan Daar is wel sommige relevante inhoud Die antwoord is net in breë trekke, Daar is wel beperkte verduidelikende inhoud en 'n slotsom. Die basis waarop die antwoord gebaseer is is wel korrek, en Begrip word bewys met die gebruik van die voorbeelde Oorsigtelike / algemene bespreking van die kern-kwessies Bewys van algemene begrip van die onderwerp maar daar is tog wel foute en vaagheid in die bespreking. Gebruik van geografiese terme en konsepte is baie basies. 60–50% van die verwagte feite word per onderopskrif gegee. 1 punt per onderopskrif, of 2 punte word gegee en slegs 2 paragrawe **8–5 punte**	'n Paar algemene punte rakende die onderwerp word gemaak 'n Beskrywende antwoord, wat bestaan uit 'n paar eenvoudige punte. Kennis is basies en die begrip mag swak wees en nie van toepassing wees op die onderwerp nie. Afwyking van die onderwerp af. Swak begrip van konsepte en terminologie. Geïsoleerde en generiese elemente van die kennis en begrip van die onderwerp. Oppervlakkige/ swak bespreking Omtrent geen toepaslike feite/ onderopskrif **4–0 punte**
Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip • Die vermoë om die onderwerp te ontleed en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer. • Verwysing na gevallestudie-materiaal / feitelêer / bronmateriaal verskaf. • Indien toepaslik, moet verwys word na bekende / plaaslike of ander voorbeelde. **[4 punte word aan hierdie komponent toegeken.]**	Die kandidaat is daartoe in staat om toepaslik te redeneer en evalueer. Daar is goeie bewys van akkurate toepassing van begrip en bewyse word verskaf. Verslag demonstreer begrip en integrasie van toepaslike gevallestudie / feitelêer / bronmateriaal in die konteks van die verslag. Bewyse nodig van ontleding van inhoud en hoërorde-integrasie. **4 punte**	Oppervlakkige verwysings word na die gevallestudie / feitelêer/ bronmateriaal gemaak. Alhoewel na ondersteunende voorbeelde verwys word, is dit nie duidelik dat die leerder 'n goeie begrip van die voorbeeld/ gevallestudie se materiaal het nie. Ondersteunende bewyse is nie altyd van toepassing op die onderopskrif of konteks van bespreking nie. Bespreking het geen diepte nie. **3 punte**	Beperkte tot geen verwysing na gevallestudie/ feitelêer / bronmateriaal nie. Voorbeelde word nie verskaf nie. Het min of geen geografiese betekenis. Min ontleding of begrip. Demonstreer minimale begrip van die onderwerp. **2–0 punte**

IEB Copyright © 2023

AFDELING B: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE				
VRAAG 4 KLIMAAT				
4.1 **Middelbreedtesikloon**				
Bestudeer Figuur 9, 'n sinoptiese kaart wat geproduseer is deur AfricaWeather.				
4.1.1	Identifiseer of Figuur 9 tipiese somer- of winterstoestande verteenwoordig.		Winter	
4.1.2	Gee EEN bewys vir jou antwoord op Vraag 4.1.1.		• Hoogdruk oor die binneland • 'n Koue front is op pad na die land	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt per konsep – kan 'n lys wees
4.1.3	Gee name vir die volgende:			Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt per konsep – kan 'n lys wees
	(a) Antisikloon wat **G** gemerk is		Suid-Atlantiese hoogdruk / antisikloon	
	(b) Laagdrukstelsel wat **I** gemerk is		Middelbreedtesikloon	
	(c) Front wat **J** gemerk is		Warm front	

IEB Copyright © 2023

<table>
<tr>
<td>4.1.4</td>
<td>Teken 'n dwarsdeursnit vanaf L na K.</td>
<td></td>
<td colspan="2">

Wolke – 1 punt
Beweging van die lug –1 punt
Koue en warm lug – 1 punt
Vorm van die front – 1 punt
Tekening – 1 punt
</td>
</tr>
<tr>
<td>4.1.5</td>
<td>Hoe verander die weerstoestande in Kaapstad soos die koue front M oor die stad beweeg? Gee ook die rede/s vir hierdie verandering.</td>
<td></td>
<td>Waarom
• Beweging van die koue front oor die Kaap

Hoe
• Windrigting verander.
• Windvlae.
• Skielike daling in die temperatuur
• Swaar reën, soms hael, donderweer en weerlig.</td>
<td>HIERDIE IS 'N KONSEPVRAAG
Kandidate moet bewys dat hulle verstaan hoe die weerstoestande verander soos wat die koue front verbybeweeg. Kandidate moet beide die "waarom" en die "hoe" aanspreek om volpunte te kry. Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe.
• 1 punt – Die antwoord is meestal beskrywend met min assessering van hoe die weerstoestande verander soos die koue front verby beweeg. Kennis is basies en die verstaan van die konsep is dalk nie heeltemal korrek nie.
• 2 punte – Die antwoord gee wel 'n assessering maar daar is oppervlakkige details oor hoe die weersomstandighede verander soos die koue front verbybeweeg. Antwoord is grootliks op goeie kennis en begrip gebaseer.</td>
</tr>
</table>

IEB Copyright © 2023

4.2	**Tropiese Sikloon**			
Tropiese sikloon Batsirai was in 2022 een van die belangrikste storms in die Indiese Oseaan. Bestudeer Figuur 10 wat die pad van die storm oor Madagaskar wys.				
4.2.1	Beskryf die pad wat tropiese sikloon Batsirai gevolg het.		• Sikloon beweeg eers wes en draai dan suid. • Sikloon beweeg wes oor Madagaskar, dan suid oor die kanaal.	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief.
4.2.2	Beskryf TWEE maniere waarop Batsirai Madagaskar beïnvloed het toe dit die land bereik het.		• Swaar reën • Sterk winde • Groot stormstuwing net voor die land bereik is • Tornado's	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe beskrywing. • **1 punt per konsep** – wanneer die antwoord 'n oppervlakkige **beskrywing** is en slegs algemene kennis en begrip toon. • **2 punte per konsep** – vir 'n ontwikkelde **beskrywing** wat die kennis deeglik dek. Maks **2 punte** indien slegs EEN manier aangespreek is.
4.2.3	Noem DRIE vereistes vir die vorming van 'n tropiese sikloon.		• Warm oppervlakte van die oseaan • Intense laagdruk • Geen sluifwinde op die oppervlak • Coriolis-krag	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt per konsep – kan 'n lys wees.
4.2.4	Gee TWEE redes waarom Batsirai verswak het soos dit weswaarts beweeg het.		• Het oor kouer wateroppervlak beweeg • Het oor land (Madagaskar) beweeg	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 5	GEOMORFOLOGIE			
5.1	**Fluviale Terminologie**			
Pas die term in Kolom B by die beskrywing in Kolom A. Skryf slegs die nommer van die vraag en die letter van jou keuse neer, bv., 5.1.0 A.				
5.1.1	Vloedlyne van die water is onstuimig en wisselend en die rigting waarin die water vloei, verander verskeie kere.		C. Turbulente vloei	
5.1.2	Hou verband met die oewers van die stroom.		E. Oewersone	
5.1.3	'n Oppervlak word geskraap en geskuur as gevolg van die wrywing wat veroorsaak word deur die deeltjies wat teenmekaar bots wanneer hulle vervoer word.		B. Abrasie	
5.1.4	Die lyn wat oor die lengte van die stroomkanaal strek en wat die laagste dele van die rivierbed met mekaar verbind		F. Thalweg	

5.2	**Fluviale Prosesse**			
Figuur 11 is 'n uittreksel uit 'n topografiese kaart wat die Buffelsrivier in die Noord-Kaap wys.				
	Kies 'n woord in vetdruk tussen hakies wat die stelling korrek sal maak. Skryf slegs die nommer van die vraag en die woord wat jy gekies het neer, bv. 5.2.0 vries.			
5.2.1	Die stroomkanaal het 'n (**vleg- / kronkelende / rotsbeheerde**) kanaalpatroon.		vleg	
5.2.2	Die belangrikste rede vir hierdie patroon is (**kleiner gradiënt / verjonging / oorstroming**).		kleiner gradiënt	
5.2.3	Die grootste oorsaak van hierdie patroon is (**erosie / afsetting / vervoer**).		afsetting	
5.2.4	Hierdie patroon gee aanleiding tot (**vertakkings / meandermere / kolkgate**).		vertakkings	

IEB Copyright © 2023

5.3	**Dreineerstelsels in Suid-Afrika**			
Bestudeer Figuur 12, 'n kaart van die dreineerbekken van die Krokodilrivier.				
5.3.1	Bepaal die stroomorde van die Krokodilrivier.		3de	
5.3.2	Bepaal of die Krokodilrivier gegradeer of ongegradeer is.		Ongegradeer (1) Omrede daar verskeie knakpunte in die loop van die rivier is, bv. die damme. (2)	Kandidate moet weet wat 'n gegradeerde of ongegradeerde rivier is. Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 punt –** Antwoord wys 'n oppervlakkige begrip van 'n gegradeerde of ongegradeerde rivier. Kennis is basies en die begrip is dalk nie heeltemal korrek nie. • **2 punte –** Die antwoord wys duidelik dat 'n ongegradeerde en gegradeerde rivier goed verstaan word. Kennis van die onderwerp is gedetailleerd en die konsep is baie goed verstaan.
5.3.3	Soos die rivier deur die Hartebeespoortdam en die Magaliesberge by **N** vloei, word die stroompatroon as *'n geërfde dreineerpatroon* beskou.			
	Verduidelik hoe 'n *geërfde dreineerpatroon* ontwikkel. Verwys na die Krokodilrivier in jou verduideliking.		'n Dreineerpatroon wat ontwikkel op 'n oppervlak wat in die verlede gevorm is (hou moontlik verband met die onderliggende rotslae en wat bo die huidige landskap uitsteek). Na die vorming van die vroeëre landskap is die stroompatroon daarop gevorm en nou hou die rivier se loop geen verband met die huidige gesteentes nie. *Moet in die antwoord na die Krokodilrivier verwys*	HIERDIE IS 'N KONSEPVRAAG Kandidate moet bewys dat hulle verstaan hoe 'n geërfde dreineerpatroon gevorm word. Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 punt –** Die antwoord is hoofsaaklik beskrywend en min assessering van hoe 'n geërfde dreineerpatroon ontwikkel, is gedoen. Kennis is basies en die begrip is dalk nie heeltemal korrek nie. • **2 punte –** In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details oor hoe 'n geërfde dreineerpatroon gevorm word. Die antwoord is grootliks op goeie kennis en begrip gebaseer. Die

IEB Copyright © 2023

				Krokodilrivier se integrasie met die antwoord is oppervlakkig. • **3 – 4 punte –** Die antwoord verduidelik deeglik hoe 'n geërfde dreineerpatroon gevorm word. Die kennis is gedetailleerd en daar is 'n goeie konseptuele begrip van die onderwerp. Die Krokodilrivier word gebruik in die verduideliking.
5.3.4	Analiseer TWEE maniere waarop 'n dam op 'n rivierstelsel impakteer.		• Visse wat migreer, word gedisoriënteerd • Vernietig die natuurlike seisoenale skommelinge in die vloeipatroon • Kan sediment laat opbou • Kan moontlik die rotse in die rivierbodem bedek waar visse broei • Gruis, boomstompe en ander belangrike voedselbronne en habitatte word vasgevang agter die damwalle. • Damme wat water afvoer vir elektrisiteit en ander doeleindes verwyder sodoende water wat benodig word vir gesonde ekosisteme in die rivier. • Dit kan veroorsaak dat daar dele in die rivier se loop is wat geen water het nie. • Stadige bewegende of stilstaande reservoirs kan warmer word wat daartoe lei dat temperature baie wisselvallig is. • Algblomme en laer suurstofvlakke	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe analise. • **1 punt vir 'n effek** – wanneer die antwoord slegs 'n oppervlakkige **analise** is en algemene kennis en begrip toon. • **2 punte vir 'n effek –** wanneer die **analise** goed ontplooi is en die inhoud deeglik dek. • Maks **2 punte** indien slegs EEN effek/ manier aangespreek is.

IEB Copyright © 2023

5.3.5	Evalueer hoe verstedeliking langs die rivier die stormhidogram beïnvloed.		Die vloedpiek sal verhoog en die vertragingstyd verminder as gevolg van die materiale wat in stede gebruik word. Daar is dus meer afloop.	HIERDIE IS 'N KONSEPVRAAG Kandidate moet bewys dat hulle verstaan hoe verstedeliking 'n hidrogram en die rivier se afloop beïnvloed. Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 punt –** Die antwoord is meestal beskrywend met min assessering van hoe verstedeliking die hidrogram en rivier se afloop beïnvloed. Kennis is basies en die verstaan van die konsep is dalk nie heeltemal korrek nie. • **2 punte –** In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details oor hoe verstedeliking 'n hidrogram en die rivier se afloop beïnvloed. Die antwoord is grootliks op goeie kennis en begrip gebaseer. • **3 – 4 punte –** Die antwoord verduidelik deeglik hoe verstedeliking 'n hidrogram en die rivier se afloop beïnvloed. Die kennis is baie gedetailleerd en daar is 'n goeie konseptuele begrip van die onderwerp.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 6	**NEDERSETTING**			
6.1	**Landelike Nedersetting**			
Bestudeer die uittreksel van die topografiese kaart (Figuur 13) van 'n streek in die suidwestelike Kaap. Drie nedersettings is gemerk O, P en Q.				
6.1.1	Pas die korrekte woord(e) of letter uit Kolom B by die stelling in Kolom A. Skryf slegs die nommer van die vraag en die woord(e) of letter van jou keuse neer, bv. (h) standplaas.			
(a)	Nedersetting **O** word geklassifiseer as 'n ...		afgesonderde plaasopstal	
(b)	Nedersetting **P** word geklassifiseer as 'n ...		dorpie	
(c)	Nedersetting … het die hoërordedienste.		**P**	
(d)	Nedersetting … het die grootste reikwydte.		**P**	
(e)	Die vorm van nedersetting **Q** word beskryf as …		lineêr	
(f)	Nedersetting **O** is 'n … nedersetting.		natpunt	
(g)	In nedersetting **O** word … boerdery beoefen.		kommersiële	
6.1.2	Beskryf TWEE liggingsfaktore vir nedersetting **O**.		• Op die vloedvlakte vir water • Hoofpad om goedere te vervoer • Noordelike kant van die vallei • Naby aan die dorp om vars produkte te verkoop	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe beskrywing. • **1 punt per faktor** – wanneer die antwoord slegs 'n oppervlakkige **beskrywing** is en algemene kennis en begrip toon. • **2 punte per faktor –** wanneer die **beskrywing** goed ontplooi is en die inhoud deeglik dek. Maks **2 punte** indien slegs EEN faktor aangespreek is.

IEB Copyright © 2023

6.2	**Stedelike Hiërargieë**			
Bestudeer Figuur 14, 'n infografiek van die 20 grootste stede volgens grootte van die bevolking.				
6.2.1	Noem die grootste stad in Afrika.		Kaïro	
6.2.2	Gee TWEE redes waarom stede wêreldwyd so vinnig groei.		• Toename in geboortes en afname in sterftes • Verbeterde gesondheidsorg • Langer lewensverwagting • Beter werksgeleenthede • Werke in stede word beter besoldig • Hoër lewenstandaarde word verwag • Meer betroubare voedselvoorsiening • Beter mediese toestande	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt per konsep – kan net gelys wees.
6.2.3	Bespreek TWEE gevolge van hierdie stedelike groei.		• Het meer armoede tot gevolg • Plaaslike regerings nie in staat om dienste te voorsien. • Meer lugbesoedeling omdat die kragverbruik gekonsentreerd is. • Merkbare impak op menslike gesondheid • Hoër loodvlakke in die lug in stede as gevolg van uitlaatgasse van voertuie. • Baie vullis wat rondlê lei tot vele gesondheidsprobleme. • Stedelike ontwikkeling kan die risiko vir omgewingsrampe soos kitsvloede verhoog. • Besoedeling en fisiese versperrings vir boomwortels lei tot 'n verlies aan bome. • Dierebevolking word onderdruk ;deur giftige stowwe, voertuie en die verlies aan habitat en voedselbronne.	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe beskrywing. • **1 punt per gevolg** – wanneer die antwoord slegs 'n oppervlakkige **beskrywing** is en algemene kennis en begrip toon. • **2 punte per gevolg –** wanneer die **beskrywing** goed ontplooi is en die inhoud deeglik dek. Maks **2 punte** indien slegs EEN faktor aangespreek is.

IEB Copyright © 2023

6.3	**Stedelike Strukture en Patrone**			
Bestudeer Foto 4 van die silhoeët van die SSK van Johannesburg.				
6.3.1	Verduidelik waarom die geboue in die SSK hoër is.		Omrede die grondpryse in die SSK hoër is, is dit beter om vertikaal te bou en sodoende word geboue hoër.	Kandidate moet bewys dat hulle die bod-huurgrafiek verstaan.
6.3.2	Die SSK van Johannesburg gaan deur 'n proses van gentrifikasie. Brei uit op die invloed wat stedelike vernuwing op 'n stedelike gebied het.		• Onvolhoubare verhoging in die pryse van eiendomme • Hoër lewenskostes • Lei tot sosiale uitsluiting, gentrifikasie en verplasing van langtermyninwoners van laer sosio-ekonomiese vlakke • Sosiale diversiteit word nie in ag geneem nie en die fokus is op die akkommodering van middel- tot hoër-klas inwoners	HIERDIE IS 'N KONSEPVRAAG Kandidate moet bewys dat hulle die impak van gentrifikasie en stedelike vernuwing verstaan. Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 – 2 punte –** Die antwoord is meestal beskrywend met min assessering van die impak van gentrifikasie en stedelike vernuwing. Kennis is basies en die verstaan van die konsep is dalk nie heeltemal korrek nie. • *Indien dit slegs 'n lys is maar geen verdere detail (MAKS 2 punte).* • **3 – 4 punte –** In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details oor die impak van gentrifikasie en stedelike vernuwing. Die antwoord is grootliks op goeie kennis en begrip gebaseer. Voorbeelde wat gebruik word het nie nodige detail of verder ontplooiing nie. **5 – 6 punte –** Die antwoord verduidelik die impak van gentrifikasie en stedelike vernuwing deeglik. Die kennis is baie gedetailleerd en daar is 'n goeie konseptuele begrip van die onderwerp.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 7	EKONOMIE VAN SUID-AFRIKA			
7.1	**Landbou**			
Bestudeer Foto 5 wat 'n tipiese plaas in die Wes-Kaap is.				
	Kies VIER van die volgende stellings om die tipe boerdery wat in die foto gesien kan word, te beskryf. Skryf slegs die letters van die stellings wat jy kies neer bv., H, I, J en K. A Lae opbrengs per hektaar. B Fokus op voedselsekuriteit in plaaslike gemeenskappe. C Kapitaal-intensief en gebruik gevorderde tegnologie. D Word met monokultuur geassosieer. E Kleinskaalse boerdery. F Produkte vir die plaaslike en uitvoermarkte. G Word met ekstensiewe boerderypraktyke geassosieer.		C Kapitaal-intensief en maak gebruik van gevorderde tegnologie D Word met monokultuur geassosieer F Produkte vir die plaaslike en uitvoermarkte G Word met ekstensiewe boerderypraktyke geassosieer.	
7.2	**Strategieë vir Nywerheidsontwikkeling**			
	Lees die volgende Feitelêer oor die Visrivier ROI, bestudeer Figuur 15, 'n liggingskaart van die Visrivier ROI, en Figuur 16, 'n infografiek van die Visrivier ROI. Beantwoord daarna die vrae op bladsy 24.			
7.2.1	Verduidelik wat 'n *ROI* is. (Moenie net die afkorting uitbrei nie.)		'n Nywerheidsontwikkelingsone is 'n nywerheidslandgoed wat vir 'n spesifieke doel gebou is en wat met 'n internasionale hawe of lughawe verbind is wat dit in staat stel om direkte belegging te beding in waarde-toegevoegde nywerhede wat uitvoere ten doel het.	

IEB Copyright © 2023

7.2.2	Bespreek TWEE voordele van 'n NOS vir 'n streek soos die Oos-Kaap.		• Skep werksgeleenthede • Dryfveer vir ontwikkeling van infrastruktuur • Genereer buitelandse inkomste • Meer kettingnywerhede	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe bespreking. • **1 punt per voordeel** – wanneer die antwoord slegs 'n oppervlakkige **bespreking** is en 'n algemene kennis en begrip toon. • **2 punte per voordeel –** wanneer die **bespreking** goed ontplooi is en die inhoud deeglik dek. Maks **2 punte** indien slegs EEN voordeel aangespreek is.
7.2.3	Evalueer die belangrikheid van 'n hawe vir 'n NOS.		• Die hoofdoel is uitvoere en daarom is 'n hawe of 'n lughawe nodig. • Hawens en lughawens word gebruik om goedere in- en uit te voer. • Die primêre fokus van NOS is op tegnologie of om meer nywerhede en uitvoergeleenthede vir buitelandse beleggers daar te stel. • Infrastruktuur se mikpunt is om die hawe en die NOS te verbind. • Werksgeleenthede word geskep en vaardighede word ontwikkel om voorsiening te maak vir hierdie ketting.	Kandidate moet bewys dat hulle die verband tussen 'n hawe en 'n NOS verstaan. Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe. • **1 punt –** Die antwoord is meestal beskrywend met min assessering van die verband tussen 'n hawe en 'n NOS. Kennis is basies en die verstaan van die konsep is dalk nie heeltemal korrek nie. • **2 punte –** In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details oor die verband tussen 'n hawe en 'n NOS. Die antwoord is grootliks op goeie kennis en begrip gebaseer. • **3 – 4 punte –** Die antwoord assesseer die verband tussen 'n hawe en 'n NOS baie deeglik. Die kennis is baie gedetailleerd en daar is 'n goeie konseptuele begrip van die onderwerp.
7.2.4	Assesseer hoe toerisme kan bydra tot die ontwikkeling van die Visrivier ROI.		• Toerisme in Suid-Afrika is 'n strategiese sektor en het die potensiaal om een van die dryfvere vir die ekonomie in die 21ste eeu te wees. • Hou verband met nuwe toerisme • Ekotoerisme	Kandidate moet bewys dat hulle die verband tussen 'n ROI en toerisme verstaan en hoe dit tot ontwikkeling kan bydra. **Gee krediet vir redelike en relevante alternatiewe.** • **1 punt –** Die antwoord is meestal beskrywend met min assessering van die verband tussen 'n ROI en toerisme en hoe dit tot ontwikkeling

IEB Copyright © 2023

			• Verskaf noodsaaklike vaardighede • Ontwikkel kettingnywerhede	kan bydra. Kennis is basies en die verstaan van die konsep is dalk nie heeltemal korrek nie. • **2 punte –** In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details oor die verband tussen 'n ROI en toerisme en hoe dit tot ontwikkeling kan bydra. Die antwoord is grootliks op goeie kennis en begrip gebaseer. • **3 – 4 punte –** Die antwoord assesseer die verband tussen 'n ROI en toerisme en hoe dit kan bydra tot ontwikkeling baie deeglik. Die kennis is baie gedetailleerd en daar is 'n goeie konseptuele begrip van die onderwerp.
7.2.5	Bespreek TWEE faktore wat vervaardiging in die Gqeberha-streek belemmer.		• Geen rou materiale verskaf deur mynbou • Hoër pryse vir elektrisiteit • Geen kragvoorsiening (beurtkrag) • Gebrek aan water – droogte in die streek. • Stakings, bv., Gqberha–Uitenhage maak baie staat op die motorvoertuigbedryf • Stakings in hierdie nywerhede het 'n groot negatiewe impak. • Sommige motorvoertuigmaatskappye het na ander gebiede getrek. • Faktore soos oor-konsentrasie van nywerhede en besoedeling mag moontlik nie so erg wees soos in die PWV-gebied nie. • Soos daar meer ontwikkeling is, is die negatiewe impak van hierdie faktore al hoe groter.	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe bespreking. • **1 punt per faktor –** Die antwoord is meestal 'n oppervlakkige bespreking wat net algemene kennis en begrip toon. • **2 punte per faktor –** vir 'n antwoord wat goed ontplooi is en wat die onderwerp deeglik dek. Maks 2 punte indien EEN faktor gedek is.

IEB Copyright © 2023

			• Vêr van die grootste verbruikersmarkte	
7.2.6	Noem TWEE dinge wat vervaardiging in die Gqeberha-streek bevorder.		• Hawe • Voorbeelde: goedkoper koste van invoere, bv. motoronderdele, • Uitvoer van motorvoertuie • Geskoolde en ongeskoolde arbeid beskikbaar in die Oos-Kaap met 'n bevolking van 6 734 001 (11,3%) (2020). Ongeveer 1,3 miljoen in Gqeberha–Uitenhage. • Goeie voorraad van grondstowwe (meestal landbou, bv. tekstiel.) • Gevestigde besighede. • Goeie vervoernetwerk (pad, spoor, lug en hawe).	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. • 1 punt per konsep – kan wel 'n lys wees.

IEB Copyright © 2023

			• Die Coega Nywerheidsontwikkelingsone, 'n projek wat nywerheidsontwikkeling aanmoedig, het baie beleggings na die gebied gelok en nywerhede het ontwikkel.	
7.2.7	Noem TWEE items wat in Gqeberha vervaardig word.		• Motorvoertuie, bv., voertuigmonteringsaanlegte (Volkswagen SA). • Motoronderdele • Bande • Windskerms (voorruite) • Tekstiele, bv. wol en katoen • Leer; skoenfabrieke en bekleedsel vir motors • Inmaak van vrugte • Soutwerke	Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. 1 punt per konsep – kan 'n lys wees.

IEB Copyright © 2023